DIE OMVANG VAN DIE STIGTING VAN DIE HUIS VAN BLOEDRIVIER

Referaat gelewer by die Konsilie van die Geloftevolk van Suid-Afrika, 24-26 Maart 2016,
te Holfontein Geloftefeesterrein in die Ottosdal distrik.

Inleiding

In 'n tydvak waar vrae rondom kulturele bestaansreg toenemend onder volksgenote na vore kom, is dit die mening van die huidige navorsers dat 'n terugkeer na die korrekte verstaan van die 1838-Gelofte 'n noodsaaklikheid geword het.

Enige eerlike waarnemer van die gebeure van die 1838 Bloedrivier aanval op Voortrekkers deur die Zoeleoe mag, sal moet erken dat die volk se bestaansreg inderdaad in gedrang was.

Net soos die geval met die geringe Gideon en sy bende, was dit ook God van Israel, se instrument in die bevryding van die ganse Israel, beide uit die juk van Midian, maar ook ter steeds nadere terugkeer na die God van Abraham, Isak en Jakob.(God van Israel)

So was ook hierdie geringe Boere Voortrekkers, God se instrument waardeur die Suid Afrikaanse volke (ja, ook die Zoeloe's self en ander buurvolke) van die bloeddorstige tirannie van die Zoeloe koning Dingaan bevry, en dan waardeur die Geloftevolk spesifiek vandag opnuut opgeroep word om op haar God te vertrou en na Hom te keer – ook in die Geloftevolk se opvolgende geslagte.

<u>Agtergrond</u>

Die Bloedrivier gelofte van die Boere Voortrekkers, is n onderwerp wat in ons Geloftevolk se geskiedenis, ons altyd sal bybly, as die wonderwerk wat ons Almagtige Vader, die God van Abraham, Isak en Jakob, aan ons Boerevolk gedoen het, net soos aan Sy uitverkore volk Israel.
Tog word hierdie wonderwerk nie altyd eerbiedig in die sin waarvoor dit staan nie Die meerderheid Blankevolksgenote vandag is nog steeds onder die indruk dat die 7 dae lange Gelofte van Bloedrivier (9-15Des.1838), vervul is met die bou van die sogenaamde Geloftekerk in Pietermaritzburg.

Of dié Gelofte wel vervul is met die bou van dié kerk wat ook as die Voortrekkerkerk bekend staan, is ‘n ope vraag.

Ek haal aan uit die navorsingswerk wat deur Mnre Flip Swanepoel en Mnr Phillip Groenenstein gedoen is in die verband (Die vervulling van die Bloedrivir Gelofte 02/10/2016).

Ons het nie bloot ‘n Gelofte afgelê nie – ons het met God n kontrak/verbond gesluit: Ons het van God Sy Hand in n saak gevra en in ruil daarvoor, sou ons doen soos ons Hom belowe het.

Wat ons van Hom verwag/geglo het was: Dat Hy ons teen alle redelike verwagting in, die uitredding en oorwinning sal skenk. Dit is ook presies wat Hy gedoen het.

Hoe ons die kontrak moet nakom het vrae laat ontstaan. Dis hier waar die kleitrappery begin. As ons kyk na die bewoording van die Gelofte-weergawes soos uiteengesit in die navorsings werk van genoemde Skrywers(Flip Swanepoel en Phillip Groenenstein), sal ons op nie een nie, maar drie weergawes afkom:

- Daar is die algemene bewoording wat steun op die weergawe van **Charl Celliers**.
- Dan is daar die weergawe van **Andries Pretorius**.
- En dan is daar die weergawe van **Jan Gerritze Bantjes** wat as Pretorius se Sekretaris, wat die Bloedrivier-ekspedisie meegemaak het, se amptelike optekening daarvan, wat ook later deur die Volksraad van Natalia goedgekeur is.

In die meer outentieke Geloftes wat ter sprake is, noem nie die bou van 'n kerk by die naam nie, maar maak melding van die stigting van 'n Huis ter ere aan die God van Israel, se Groot Naam waar dit Hom behaag.

Die bou van 'n kerk kan egter daarvan afgelei word, maar die deel wat meld dat die stigting gepaard moet gaan ter nagedagtenis aan Sy Groot Naam waar dit Hom behaag, en die voortdurende smeekgebede ter vervulling van die Gelofte, word nêrens vermeld binne die argumente ter motivering van die bou van 'n kerk, nie.

Die stigting van die Huis ter ere aan die God van Israel, se Groot Naam moet in gedagtenis bring waar dit Hom behaag.
Die vraag is of:

- die Geloftekerk hieraan kan voldoen, en of
- 'n Teokratiese staatsbestel hieraan kan voldoen?

Die Huis ter ere van Sy groot Naam

Uit hierdie Gelofte weergawes kan ons die volgende twee punte saamvat:

Eerstens - Ons het belowe dat ons die ***dag en datum*** van die oorwinning aan die God van Israel (die YHWH) sal toewy en daardie dag deur die volgende geslagte ter ere van God gevier sal word;

Tweedens - Dat ons vir die God van Israel 'n huis sal ***stig*** tot ere aan Sy groot Naam – nie op enige plek na ons goeddunke nie; maar waar Hy ons sal aanwys om dit te doen.

Die enigste Huis wat ter ere van die God van Israel se Groot Naam gebou is, en waarvoor die God van Israel (YHWH) toestemming gegee het, was die ***tempel*** wat die verbondsark en die heilige voorwerpe gehuisves het.

Indien die bou van die Geloftekerk ten doel gehad het om die Gelofte te volbring, nl. dat dit die huis moes wees wat ter nagedagtenis aan Sy Groot Naam gestig moes word waar dit Hom behaag, voldoen dit nie aan die criteria, soos dit wat in die Skrifte daaroor opgeteken is nie.

Die klosule "***waar dit Hom behaag***" of "***waar Hy ons sal aanwys***" is nie in ons hande nie, en vir sover ons weet nog nie afgehandel nie, aangesien ons, as so 'n aanwysing plaasgevind het, daarvan sou weet.

Die volbrenging van die Gelofte, is soos die nakoming van die voorwaarde daarvan, dit is gekoppel aan voortdurende smeekinge totdat die Gelofte volbring is: ***"en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen".***

Die ondernemings in die Gelofte is:

en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aantekenen,
Hierdie ondernemig is nagekom deur Jan Bantjes wat die dag van die Slag van Bloedrivier in sy joernaal aangeteken, Andries Pretorius het dit 7 dae na die Slag van Bloedrivier in sy verslag aan die Volksraad bekend gemaak en beide hierdie dokumente het onderskeidelik op 14 Juny 1839 en 8 Februari 1839 in De Zuid-Afrikaan verskyn

om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten,
Hierdie onderneming is vir baie jare nagekom, en word nog steeds nagekom met die vertelling van die geskiednis aan die opkomende geslagte. Wanneer die laaste nageslag sal wees, weet ons nie. Ons moet net volhard in die oorvertelling van die geskiedkundige gebeure en sorg dat ons kinders daarin opgroei en dit derhalwe sal voortsit.

op dat het ter Eere van God gevierd mag worden."
Hierdie onderneming word ook jaarliks nagekom, daarin dat die God Israel (YHWH) die roem en die eer van die oorwinning ontvang tydens die ***herdenkingsgeleenthede*** waar 'n erediens plaasvind en 'n geskiedkundige oorsig van die dag se gebeure vertel word.

As ons na die Skriftuurlike gronde kyk vir die Stig van n huis, lees ons net van 5 pleke in die hele Skrif die volgende:

1. Hier vra die vrou van Nabal (dwaasheid is met hom) Abigail om verginis vir haar man se swak optrede vroër, teenoor Dawid se manne: (1Samuel 25:28 AOV) Vergeef tog die oortreding van u dienares, want YHWH sal sekerlik vir my heer 'n bestendige huis stig, omdat my heer die oorloë van YHWH voer en in u hele lewe in u geen kwaad gevind is nie.

2. (2Samuel 7:10 AOV) en Ek sal vir my volk Israel 'n plek bestel en hom plant, dat hy op sy eie plek kan woon en nie langer verontrus word nie. En kwaaddoeners sal hom nie meer verdruk soos vroeër nie,(2Sa 7:11 AOV) naamlik van die dag af dat Ek rigters oor my volk Israel aangestel het. Maar Ek sal jou rus gee van al jou vyande; en YHWH gee jou te kenne dat YHWH vir jou 'n huis sal stig. (Teokrasie)

3. (1Konings 11:38 AOV) En as jy luister na alles wat Ek jou beveel en wandel in my weë en doen wat reg is in my oë deur my insettinge en my gebooie te hou, soos my kneg Dawid gedoen het, dan sal Ek met jou wees en vir jou 'n bestendige huis stig, soos Ek vir Dawid gestig het, en Israel aan jou gee.

4. (1Kronieke 17:9 AOV) en Ek (YHWH) sal vir my volk Israel 'n plek bestel en hom plant, dat hy op sy eie plek kan woon en nie langer verontrus word nie. En kwaaddoeners sal hom nie meer mishandel soos vroeër nie,(1Kron 17:10 AOV) naamlik van die dae af dat Ek Rigters oor my volk Israel aangestel het; en Ek sal al jou vyande verneder. Daarom gee ek jou te kenne dat YHWH vir jou 'n huis sal stig. (Teokrasie)

5. (1Kronieke 17:22 AOV) En U het u volk Israel vir U as 'n volk tot in ewigheid gemaak; en U, YHWH, U het vir hulle 'n God geword.(1Kr 17:23 AOV) Laat dan nou, YHWH, die woord wat U oor u kneg en oor sy huis gespreek het, tot in ewigheid waar gemaak word, en doen soos U gespreek het.(1Kr 17:24 AOV) Ja, laat dit waar gemaak word en laat u Naam groot word tot in ewigheid, deurdat hulle sê: YHWH van die leërskare, die God van Israel, is Israel se God, en die huis van u kneg Dawid is bestendig voor u aangesig.(1Kr 17:25 AOV) Want U, my God, het die oor van u kneg geopen, dat U vir hom 'n huis sal stig; daarom het u kneg vrymoedigheid gevind om voor u aangesig te bid.

Daar is dus nêrens sprake daarvan dat 'n mens tot ere van die God van Israel, 'n Godshuis of n Godsgebou "stig" nie, maar eerder by uitstek in die konteks van die 1838-Gelofte en Eksodus 20:24, dat dit God is wat Sy Naam in die midde van Sy volk stig, ook daar waar hy hulle aanwys om te woon, en waar hulle hul altare/kerkgeboue oprig om Hom gesamentlik te aanbid.

Hier praat YHWH self met Moses (Eksodus 20:24 AOV) 'n Altaar van grond moet jy vir My maak, en daarop moet jy jou brandoffers en dankoffers, jou kleinvee en beeste, offer. Op elke plek waar Ek my Naam sal laat gedenk, sal Ek na jou toe kom en jou seën.

'n Verlangse neef van Andries Pretorius, wat self ook die Slag van Bloedrivier meegemaak het, ***Dewald Pretorius***, skryf sy herinneringe daaraan neer in AD 1862.

Vir hom het die Gelofte behels dat "kerke en skole tot die eer van die Here gebou moes word". (Sien bladsy 31 van die Bailey-tesis in ons bronnelys.)

Dat hier 'n duidelike verwagting is van die vestiging van 'n Christelike en beskaafde volk hoef ons nie aan te twyfel nie.

Trouens, by die Hoofkommandant van die Strafveldtog, Andries Pretorius, blyk hierdie hoop van volkshuistigting tot die eer van God sentraal te staan, selfs al voor hy in Natal by die Emigrante Boere aangekom het. Pretorius se biograaf, Gustav Preller, vertel: "Tot aan sy vertrek na Natal, op 1 Sept. 1838, het Pretorius nog …(ge)skryf dat … „as dit die Almagtige behaag, sal ons dáár tot 'n volk word, wat tot Sy eer leef"." Daar is, volgens my, dan geen gedagte van n gebou in sy gedagtes gewees nie.

(Sien bladsy 458 in Preller se Andries Pretorius – Lewensbeskrywing van die Voortrekker Kommandant-Generaal, soos ingesluit by ons bronnelys.)

<u>Omvang van die stigting van die huis van Bloedrivier</u>

Ons Boere Voortrekker voorsate het dus n Teokratiese staatsbestel in beginsel bedryf. Ons sal dit ook moet word as ons die Bloedrivier Gelofte vir sover dit vir ons menslik moontlik is, wil volbring. Die res is in Sy Hande. ***Ons moet die huis stig ter ere van die God van Israel, se groot Naam waar dit hom behaag! Dit is ons verpligting!***

Ons het nie 'n huis nie, want van die "huis" wat ons ***sewe maal*** tussen die 9de en die 15de Desember 1838 aan God belowe het, is daar weinig tekens van. In 'n eeu van monumente, persone en gebeurtenisse lewe ons vandag as Geloftevolk, waar owerhede ons volk se geskiedenis, aan die vergetelheid wil ontruk deur ons Geloftevolk se sosiale lewe, ons geloofslewe en kultuurlewe wil vernietig en vermeng.

Ons kan 'n monument te Pretoria oprig ter ere van die Voortrekkers, een te Bloedrivier ter ere van oorwinning en uitredding en ook die sogenaamde Geloftekerkie ter ere van sy Naam - alles noodsaaklik en gepas. Dit is egter nie voldoende "***om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen",***nie.

Soos wat ons uit ons Skrifte (Die Bybel) kon leer, is egter gebeurtenisse wat nie met hamer en beitel voorgestel kan word nie. Een daarvan is die uittog van die Isrealvolk uit Egipteland. Nooit het hulle probeer om dit met die een of ander monument te vereer nie.

Daarvoor was 'n Fees die geskikste en voldoende - die Paasfees.

Dit is ook hoe ons volk moet voel in verband met die Groot Trek en alles wat daarmee gepaard gegaan het soos die Gelofte van Bloedrivier en die Oorwinning wat deur die Goedheid van die God van Israel bewerk is.

Die eintlike groot dryfkrag van die Groot Trek, is daardie gevoel wat geheers het in die mense van daardie tyd, om n Godsvolk te wees, soos gesien in die gemoedsaandoening van 'n Charl Cilliers op Danskraal, ook van 'n Andries Pretorius te Bloedrivier.

Hierdie gees van "***tot Ere aan God",*** herleef as sulke gebeurtenisse gevier word. 'n ***Volks dankbaarheidsfees*** is daarvoor die geskikste monument. Dit is waar die Geloftevolk bymekaar gemaak word met dieselfde dryfkrag om haar God van Israel se aangesig te soek.

Opmerklik is dus die feit dat die Gelofte van Danskraal ons nie bind om monumente op te rig nie, maar om fees te vier, "ons dan die dag en datum immers as 'n Dankdag tot Sy Eer sal vier." Jaar na jaar moet ons volk hierdie Gelofte betaal.

Die vraag is egter watter vorm neem viering en herdenking aan van ons Geloftefeeste?

Is dit 'n Volksfees?

Die hele Geloftevolk moet daarin belangstel. Die Gees van ons Vader bring die Boerevolk bymekaar, voeg hul saam. Klowe tusen leierfigure moet oorbrug word. 'n Gevoel van eenheid ontstaan. Dit moet 'n eenheid word met dieselfde aspirasies.

Is dit 'n Godsdienstige Fees?

Dit mag nooit ontaard in 'n vakansiestemming nie. 'n Dag van ontspanning en in uitspattighede mag dit nooit word nie. Die aard van die Fees word duidelik bepaal in die historiese Gelofte self: " ***en dat zij ook moesten afsmeken de hulp en bijstand van God***, ***om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen***" Vir die Boere Voortrekker geslag was dit 'n Heilige dag. "***opdat 't ter ere van God gevierd mag worden."*** Aan so 'n betaling van die Gelofte het daardie manne ons gebind tot in die verste nagelslag.

Is dit 'n Gedenkfees?

So lui die Gelofte: ***om dezelve bekend te maken aan onze laaste nageslachten, opdat 't ter ere van God gevierd mag worden***." Ons moet dink aan wat die God van Israel gedoen het vir ons Vaders. Dink aan die toestande, omstandighede van daardie handvol, in 'n woeste land, waar geen duim grond vir hulle bekend was nie. By alle godsdiensoefeninge, elke dag, lê leiers daarop nadruk dat hulle eensgesind moet wees. In hierdie stemming word die Gelofte op plegtige wyse in 'n gebed deur ouderling Cilliers gedoen waaraan die mede Volksgenote meedoen.

Is dit ook 'n Dankfees.

Ons die dag "***op dat het ter Eere van God gevierd mag worden***". Ons, hulle nakroos, word geroep om ons dank te betuig, wat nie moet eindig met dankgebede en dankliedere nie. Ons dankbaarheid moet kom in offers. 'n Dankbare mens wil graag iets gee.

- Gee u gehoorsaamheid aan die wet van God.
- Gee u medewerking aan die bediening van Gods Koninkryk.
- Gee uself aan God as godvresende.

Is dit 'n Verbondsfees?

Hierdie plegtige verbond sluit die Boere Voortrekkers met God. Hulle doen die Gelofte namens die Geloftevolk van Suid Afrika. Dit word afgelê in 'n uur van gevaar en benoudheid. God vervul Sy kant van die verbond. Hy red hulle uit hul benoudheid.

Ons word geroep om ons kant ook na te kom. Daar rus op ons 'n verantwoordelikheid. Ons voortbestaan as Geloftevolk hang af van hoelank ons gehoorsaam sal bly aan die God van Israel. As ons die God van Israel uit ons volkslewe skakel, verbreek ons die verbond en dan kan die God van Israel ons uitskakel as Sy aanbidders, Sy verstrooide gemeente, suid van die riviere van Kus.

Huis van die Geloftevolk volgens die verbond by Bloedrivier
(Gelofterede – Paul Kruger Paardekraal, 2009, Bylae 2.)

Die bakstene van die Huis van die Verbond van Bloedrivier moet in ons harte wees, en die vertrekke van daardie Huis moet ons gesinne wees - sodat ons Geloftevolk die gebou kan wees. Sodat, nie net onsself nie, maar ook ons Geloftevolk gebou kan word op die fondament van die apostels en profete, terwyl ons Koning Yahshuah HaMessiah self die Hoeksteen van ons volkslewe is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel tot eer van YHWH, in wie ons saam opgebou word tot 'n woning van die God van Israel in Sy afgesonderde Gees. In só 'n Huis, sal Hy by ons woning maak.

Sement, steen en sand wat uit die grond uit kom is stom en dit kan ons Verbondsverpligting teenoor die God van Bloedrivier nooit in der ewigheid nakom nie.

'n Volk gewy aan die God van Israel deur 'n Gelofte gekoppel aan haar voortgesette bestaan, is nie bloot 'n bron van besondere seëning nie, maar bring ook ernstige verantwoordelikheid daarmee saam.

Losmaking van hierdie bestaanswyding bring die volk se bestaansreg in gedrang, soos ons lees in Spreuke 14:34: (Spr 14:34 AOV) Geregtigheid verhoog 'n volk, maar die sonde is 'n skandvlek vir die nasies.

Die daarstelling van kerkgeboue (bv die Pietermaritzburgse Geloftekerk) vir God se kinders, vloei egter wel sekondêr uit die ware Gelofte-plig, aangesien 'n volk gewy aan God, nuttige geboue ter Sabbatsgebruik benodig.

Daarom die oproep na die Geloftevolk: laat ons, ons Geloftehuis /Verbondshuis bou uit vertrekke wat deur ons gesinne gevorm word in ons huise. Dit is die huise waarin u die vaders en moeders of kinders is.

Hoe is dit in DAARDIE huise gesteld?

Pa – is jy nog die priester in jou huis, en poog jy elke dag om daardie amp en verantwoordelikhede waardig te wees – of gaan dit in die eerste plek vir jou eerder oor die welvaart en genietinge en die gemaksug (of die kwellinge) van die wêreld?

Ma – is jy in alles nog jou man se trots en sieraad, maar ook die hulp wat pas by die hoof van jou huis, soos jy veronderstel is om geskape te wees – of is jy te vas gewikkel in 'n magspel met jou man om te kyk hoe ver jy hom kan manipuleer deur te doen en te laat staan wat jou pas?

Kinders – is julle ouers se woord nog wet in die huis – of kyk julle hoe ver julle die grenslyne kan skuif om te kan doen wat ander kinders doen sodat julle saam met hulle kan wegsink in die afval van die wêreld?

As ons ***eie huise*** nie in plek is nie – weet dat ons onder andere, ook nooit die Verbond van Bloedrivier kan nakom nie, die Huis van die Verbond nie bou nie – en as volk kontrakbreuk pleeg teenoor die God van Israel.

Sal YHWH ons in so 'n toestand herstel uit die klaagliedere wat ons sing?

Laat die wat nog nie begin het nie, vandag nog begin om ons huise in orde te kry. En dan mag ons die vrymoedigheid hê om by die God van Israel in die eerste plek en ook by die God van Bloedrivier uitkoms te soek vir die feit dat ons vryheid daarmee heen is.
Nie net oor misdaad of die landsadministrasie wat aan flarde is nie. Nie net oor ons geldelike armoede of werkgeleentheidberowing nie. ***Maar veral omdat ons in 'n land moet woon waarin ons God se Naam gelaster word en Sy gebooie gruwelik verbreek word.***

Afsluiting

Laat ons dan terugkeer na die Huis van ons Vader, om vir Hom die huis te wees wat ons op 9 tot 15 Desember 1838 beloof het. Om hierdie Huis tot stand te bring word van elke Volksgenoot verwag om:

- die Gelofte daagliks te bid in 'n smeekgebed, Laat ons elkeen op ons eie seker maak dat daar geen beletsels in ons indiwiduele lewens oorbly wat ons vrymoedigheid om Hom vir ons volk se uitkoms te vra, belemmer nie.
- die oorspronklike Gelofte onder die aandag van medevolksgenote se aandag te bring, Laat ons onthou om Hom altyd meer gehoorsaam te wees as enige ander gesag.
- Laat ons die lewenskrag wat Hy ons geskenk het volgens die gesonde verstand en die gewete GEBRUIK OM TE WERK tot herstel van ons vryheid in 'n eie staat waarin Sy Woord weer Wet is en ons Hom in vrede en voorspoed kan dien.
- sprekers en predikante wat Geloftefeeste toespreek of kerkdienste hou, aan te moedig om hierdie boodskap uit te dra en elke Kerkraad en elke Gelofte Feeskomitee hierop attent te maak om die Verbondshuis se fondamente te hestel ipv versoeningsboodskappe met ander volke.

Bloedrivier het nie per abuis gebeur nie – Bloedrivier was die uiteinde van 'n wonderwerk deur die Handeling van die God van Israel. En laat ons eindelik die huis se fondasies weer oor uitmeet en begin bou soos wat ons belowe het. Ons mag nie verder versuim nie.

Ester 9:26-28 AOV

(Herdie teksgedeelte is van toepassing gemaak op Geloftedag,
net soos dit op Purim van toepassing is. Lees gerus die deel in U Bybel)

Daarom noem ons *dié dag Geloftedag*,

na die naam van die gebeurtenis *by Bloerivier*.

Hierom, vanweë al die woorde van daardie brief

en wat hulle self daarvan gesien het en wat hulle oorgekom het,

het die *Boere Voortrekkers* vasgestel

en as insetting aangeneem vir hulle en hulle nageslag

en vir almal wat hulle by hulle sou aansluit,

sodat dit onherroeplik sou wees,

dat hulle dié dag al jare sou hou volgens

die voorskrif daaromtrent en op die bepaalde tyd;

en dat dié dag herdenk en gehou moet word

in al die geslagte, families, provinsies en stede,

en dat dié *Gelofte-dag* onder die *Geloftevolk* nie afgeskaf mag word nie

en die gedagtenis daaraan onder hulle nageslag nie mag ophou nie.